



Produksietoestande Verslag

Production Conditions Report

29 Nov' 2024/25



Gewas toestand
Crop Condition



Klimaat
Climate



Vergelyk
Compare



Opbrengs potensiaal
Production potential



Gewas opkoms
Greenup



Kaarte
Maps



Verslae
Report

Index

1. DEFINSIES/DEFINITIONS
2. REËNVAL/RAINFALL
3. GRONDVOG/SOIL WATER INDEX
4. GEWASOPKOMS/CROP GREENUP
5. GROENBLAAR INDEKS/GREEN LEAF INDEX
6. INTENSIES OM TE PLANT/INTENTIONS TO PLANT

Definisies

- **Grondvog Indeks:** Gee 'n oorsig van die grondwaterpersentasie gedurende die groeiseisoen. Dit vergelyk drie periodes: die huidige seisoen, die vorige seisoen, en die 5-jaar gemiddelde. Hierdie gemiddelde dien as 'n basislyn wat tipiese grondwatertoestande aandui.
- **Groenblaar Indeks (GLI):** Die GLI is die waardes oor die groeiseisoen, wat die patrone van gewasgroei gedurende die seisoene illustreer.
- **Gewasopkoms:** Toon die huidige gewasopkoms-vordering in vergelyking met die 5-jaar gemiddeld.

All the 2024/25 season data is from 1 July 2024 – 29 Nov

Definitions

- **Soil Water Index (SWI):** This represents an overview of the soil water percentage throughout the growing season. It compares three periods: the current season, the previous season, and the 5-year average. This average serves as a baseline, indicating typical soil water conditions.
- **Green Leaf Indicator (GLI):** Values over the growing season, illustrating the patterns of crop growth during the seasons.
- **Greenup:** Shows the current crop emergence progress compared to the 5-year average.

All the 2024/25 season data is from 1 July 2024 – 29 Nov



Optimale plantdatums/Optimal plant dates

Gewas/Crop	Region							
	KZN	Mpumalanga & Gauteng	Limpopo	Oos-Vrystaat (VKB)	Oos Vrystaat (OVK)	Noordwes Vrystaat	Noordwes	Noord Kaap
Maize	1 Oct -30 Nov	1 Oct - 15 Nov	1 Nov - 31 Dec	1 Oct - 15 Nov	1 Oct - 30 Nov	15 Nov - 15 Dec	15 Nov - 15 Dec	1 Oct - 15 Dec
Soybean	1 Oct - 7 Dec	1 Nov - 7 Dec	1 Nov - 20 Dec	1 Nov - 7 Dec	1 Nov - 30 Nov	15 Nov - 10 Dec	15 Nov - 15 Dec	1 Oct - 30 Nov
Sunflower		1 Nov - 15 Dec	1 Nov - 15 Feb	1 Nov - 10 Jan	1 Nov - 10 Jan	10 Nov - 10 Jan	20 Nov - 10 Jan	1 Dec - 30 Jan


Reënval/Rainfall

Totale Reënval/Total Rainfall

Reënval vir die afgelope 30 dae/Rainfall for the past 30 days



Seisoenale Reënval / Seasonal




IN DIE KOLLIG / IN THE SPOT LIGHT

Die seisoenale reënval toon die huidige seisoen se reënval aan in vergelyking met die 5-jaar gemiddeld.

Seisoenale Reënval:

- **Noord-Wes:** Maandelikse reënval vir die streek is hoër as die 5-jaar gemiddeld, maar vir November is dit minder in vergelyking met die vorige twee seisoene. Die totale reënval vir die maand wissel van 55mm en 200mm.
- **Vrystaat:** In die Oos-Vrystaat is die gemiddelde reënval laer as die vorige twee seisoene vir November maand. Die reënval wissel op gemiddeld tussen 50mm en 135mm vir die streek. Die seisoenale reënval is effens onder normaal en goeie reën word benodig in die area. Noordwes- en Sentraal Vrystaat wissel van effens onder gemiddeld tot effens bo gemiddeld in ander areas. Vir November wissel de gemiddelde reënval van 20mm tot 220mm.
- **Oostelike Hoëveld:** Die gebied se reënval vir September tot November is agter die 5-jaar gemiddeld. Die reënval vir November wissel tussen 50mm en 200mm. Op gemiddeld vir die seisoen wissel die reënval tussen baie laag en effens laag. Die grootste gedeelte van die gebied het dringend goeie reën nodig.
- **KwaZulu-Natal:** In die gebied wissel die reënval vir November van 60mm tot 260mm. Die reënval tempo is baie agter die vorige twee seisoene s'n. Die grootste gedeelte het onder gemiddelde reënval tans.
- **Limpopo:** Die area se reënval, op gemiddeld, wissel tussen 70mm en 300mm vir November. Die gebied se reënval verskil tussen effens onder gemiddeld tot areas waar dit bo gemiddeld is.

Grondvog Indeks / Soil Water Index




Baie Laag Very Low	Middelmatig Laag Moderately Low	Effens Laag Slightly Below	Normaal Normal	Effens Hoog Slightly Above	Middelmatig Hoog Moderate Higher	Baie Hoog Well Above
-----------------------	------------------------------------	-------------------------------	-------------------	-------------------------------	-------------------------------------	-------------------------

IN DIE KOLLIG / IN THE SPOT LIGHT

Die grondvog indeks vergelyk drie periodes: die huidige seisoen, die vorige seisoen, en die 5-jaar gemiddelde.

- **Noord-Wes:** Die gebied se grondvog wissel van baie laag tot effens onder die 5-jaar gemiddeld. In vergelyking met die vorige twee seisoene is dit baie droëer. Dele soos Wolmaransstad, Schweizer-Reneke, Lichtenburg, Delareyville en Coligny is ver onder die gemiddeld.
- **Vrystaat:** Op gemiddeld is die gebied se grondvog minder as verlede jaar die tyd, dit is baie soortgelyk aan die 2022/23 seisoen op die stadium. In die Oos-Vrystaat is die gemiddelde grondvog effens laag tot baie laag. Areas soos Reitz, Frankfort, Vrede en Harrismith se grondvog is baie laag. Die Noordwes- en Sentraal Vrystaat is ook effens laag tot baie laag. Die grondvog is ook laer as die vorige seisoen op hierdie stadium.
- **Oostelike Hoëveld:** Verder oos in areas soos Ermelo, Belfast, Ermelo, Bethal en Middelburg is die grondvog onder gemiddeld. Dit is die droogste seisoen in vergelyking met die vorige 5 seisoene op hierdie stadium.
- **KwaZulu-Natal:** Die grondvog is laer as die vorige seisoen maar op gemiddeld effens hoër as die 2022/23 seisoen op die stadium. Die grondvog wissel tussen effens laag tot effens bo gemiddeld. Dit neem besproeiing ook in ag.
- **Limpopo:** In die gebied wissel dit van laag tot effens bo gemiddeld. Dit neem die besproeiing areas ook in ag.

Gewasopkoms per Distrik / Crop Greenup per District




IN DIE KOLLIG / IN THE SPOT LIGHT

Die gewasopkoms indikasies toon die huidige gewasopkoms vordering in vergelyking met die 5-jaar gemiddeld aan.

- **Noord-Wes:** Lichtenburg, Wolmaransstad, Delareyville, Ventersdorp en Schweizer-Reneke se gewasopkoms is aansienlik laer as die vorige drie seisoene. Die besproeiings gedeeltes in die Noordwes lyk egter meer belowend met gewasopkoms effens vinniger as die vorige seisoen. Daar is nog ongeveer twee weke oor in die optimale plantvenster vir mielies en sojabone.
- **Vrystaat:** Die Oos-Vrystaat se tempo is stadiger as die vorige 4 seisoene. Harrismith, Bethlehem, Vrede, Frankfort en Reitz se gewasopkoms vorder die vinnigste op die stadium. Die Noordwes- en Sentraal Vrystaat se gewasopkoms wissel tussen effens laat tot normaal. Die areas wat se gewasse al mooi begin opkom sluit in Bothaville, Wesselsbron, Viljoenskroon, Hoopstad en Kroonstad.
- **Oostelike Hoëveld:** Die streek se gewasse begin opkom en wissel tussen normaal en effens hoog in seker areas.
- **KwaZulu-Natal:** Die gebied se gewasopkoms is agter die vorige 4 seisoene se tempo in November. Die grootste gedeelte se opkoms is laag tot normaal.
- **Limpopo:** Op gemiddeld is die area se gewasopkoms nog laag tot effens laag. Die besproeiings areas se opkoms neig meer middelmatig tot normaal. Die gebied het nog tyd in die optimale plantvenster vir die seisoen se aanplantings.

Gewas Toestand / Crop Condition



IN DIE KOLLIG / IN THE SPOT LIGHT

Die Groenblaar indeks illustreer die gewas- groei en ontwikkeling gedurende die groeiseisoen.

- **Noord-Wes:** Die gewasstoestand in die area is middelmatig laag tot baie laag.
- **Vrystaat:** Daar is tans effens laag tot middelmatig laag gewasontwikkeling. Die bo-gemiddelde gedeeltes is besproeiings areas.
- **Oostelike Hoëveld:** Die gebied se gewasstoestand is baie laag op hierdie stadium. Die suidelike tot suidwestelike deel van Mpumalanga is droog en het dringend goeie reën nodig.
- **KwaZulu-Natal:** Die area toon ook tans gemengde gewasontwikkeling aan. Die grootste gebied se gewasstoestand is baie laag. Die area het goeie reën nodig.
- **Limpopo:** In die Noorde van die land lyk die gewasstoestand gemeng. Daar is areas waar die ontwikkeling baie goed is veral langs die grens. Die besproeiings gebiede toon baie hoë gewasontwikkeling en die toestand is goed in areas soos Messina, Phalaborwa, Groblersdal en Thabazimbi.

Intensies om te plant/ *Intentions to plant*

CROP/GEWAS	Intentions/ Voorneme 2025 Ha	Area planted/ Opp beplant 2024 Ha	Change/ Verandering/ %
	soos middel Okt 2024/ as mid Oct 2024		
	(A)		(A) ÷ (B)
Commercial/Kommersieël:			
White maize/Witmielies	1 577 600	1 554 750	1,47%
Yellow maize/Geelmielies	1 062 500	1 081 500	-1,76%
Maize/Mielies	2 640 100	2 636 250	0,15%
Sunflower seed/Sonneblomsaad	540 000	529 000	2,08%
Soybeans/Sojabone	1 153 200	1 150 500	0,23%
Groundnuts/Grondbone	40 000	41 200	-2,91%
Sorghum	54 000	42 100	28,27%
Dry beans/Droëbone	45 105	39 550	14,05%
TOTAL/TOTAAL	4 472 405	4 438 600	0,76%

*Bron: Oesskattingskomitee/Crop Estimates Committee